

Gevare van hys-operasies

April 2023



Foto's: Kabel breek en chloor iso-houer val

Die Beacon van Maart vertel van 'n insident by die hawe van Aqaba in Jordanië, waar 'n chloor iso-houer op die skip se dek laat val is en 25 ton chloor vrygelaat is. Dertien mense is dood en 300 is in die hospitaal behandel. Daardie Beacon het op die gevare van giftige gas gefokus. Hierdie Beacon sal op die fisiese oorsaak van die ongeluk fokus: Swak beheer oor hys-prosesse wanneer gevaarlike chemikalie gelaai word. Amptenare het beweer "die chloor iso-houer se gewig was 4 maal meer as wat die hystoue kon dra."

Daar is 'n video van die kables wat faal en die iso-houer wat breek. Foto's hierbo kom uit die video. (Video link: <https://youtu.be/OXYkMS6IMUs>)

Amptenare het bevestig dat vereiste veiligheidsmaatreëls nie in plek was nie en dat daar nie 'n gekwalifiseerde persoon teenwoordig was om toesig te hou nie.

Het jy geweet?

- Hys operasies, of dit nou vir chemikalieë is of vir toerusting, is gevaarlike werk. Sommige maatskappye en lande vereis 'n formele goedgekeurde hys-plan of permit voor die werk begin. Dinge waarna gekyk word is die volgende:
 - Hys-toerusting moet gesertifiseer wees vir die gewig wat dit kan dra.
 - Kables het gesertifiseerde temperature waarteen hulle kan werk
 - Hys-toerusting moet geïnspekteer word voor gebruik
 - Hyskraan operateurs en takelaars moet gesertifiseer wees vir die toerusting wat hulle gebruik.
- Die hyskraan operateur beheer die beweging van die hyskraan. Die takelaar koppel die vrag en gee seine vir die hyskraan operateur tydens die hys-prosesse en maak ook weer die vrag los.
- Die hys-plan moet weerstoestande en veral wind in ag neem. As vrag oor chemiese aanleg toerusting gehys word moet die hys-plan nood prosedures insluit in geval iets verkeerd gaan.

Wat kan jy doen?

- Maak seker almal betrokke is bewus van die hys-plan en hulle rol daarin.
- Maak seker die hyskraan operateur en die takelaar gebruik dieselfde handseine selfs al is daar radio kommunikasie.
- Inspekteer die finale plek waar die vrag neergesit moet word om seker te maak dit sal pas en alles wat mag pla is weggevat.
- Moet nooit improviseer nie. As die hys-plan nie uitgevoer kan word soos beplan nie, STOP! Hersien die situasie en die planne en kry dit eers weer goedgekeur.
- Hou mense weg uit die hys area. Moenie toelaat dat enige iemand onder die vrag deurloop nie.
- Hou die weer dop. Wind en reën kan die hys-operasie gevaarlik maak. Jy moet weet wanneer dit te gevaarlik is om voort te gaan.

Maak seker alles is veilig voordat die hys-operasie begin !